



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 31 OKTOBER 2021

DRIE EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Dankbaarheid vir die Bybel in Afrikaans

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Rut 1:1-18; Psalm 146

Hebreërs 9:11-14; Markus 12:28-34

SONDAG, 31 OKTOBER

HERVORMINGSFEES
DANKBAARHEIDSONDAG

09:00 Oggenddiens in Kerk
Tiendemaand Dankofferinsameling
Deuroffer ten bate van: Gemeente-ontwikkeling

09:00 Kinderkerk Gr 1-3
Erediensspan 2 – Lorraine Louw

Geen Aanddiens
18:00 Senior Kategese

MAANDAG, 1 NOVEMBER

VERKIESINGS DAG

Geen Sportmanne Bybelstudie

Geen Vroue Bybelstudie

DINSDAG, 2 NOVEMBER

09:30 Senior Burger Bybelstudie

19:00 Kooroefening

WOENSDAG, 3 NOVEMBER

09:30 Vroue Bybelstudie

10:00 Othello Biduur

19:00 Jeug Kommissie vergadering

DONDERDAG, 4 NOVEMBER

09:30 Dienssentrum vir Seniors – Piekniek – Moedergemeente Kerksaal

19:00 Gemeentebediening en Blokleier Kommissie vergadering

Sopbeurte: Anita le Roux, Marietjie Mostert, Alae Rootman, Riana van Niekerk
Lizelle Wessels, Mariana van Schalkwyk

VRYDAG, 5 NOVEMBER

AFNAWEEK

SATERDAG, 6 NOVEMBER

SONDAG, 7 NOVEMBER

VIER EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

09:00 Oggenddiens in Kerk - Doop
Erediensspan 3 – Johan Norman
Deuroffer ten bate van: Alta du Toit Nasorg

Geen Kinderkerk

09:00 Erediens in die Buitelug – Avalon

Geen Aanddiens

Geen Senior Kategese

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die leraars se landlyne werk nie meer nie. Kontak die kerkkantoor om hul selfoonnommers te kry.
2. Ds Hannes Burger is tans met Sabbatsverlof. **Kontak die kerkkantoor indien jy 'n leraar benodig.**


GEMEENTENUUS

1. Susie Engelbrecht (Othello) vier die komende week haar 90ste verjaardag. Ons wens haar baie geluk.
2. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
Charl, Erica en Wian Venter vanaf Brackenfell
Patrick van der Vyver vanaf Parke (Kraaifontein)
3. Johan Carstens (Swaan Singel) is tans in die Kuilsrivier Hospitaal.
4. Hannes Matthee (van Bruggenstraat) wag tans op die behandelingsplan nadat hy die nuus oor sy gesondheid ontvang het.
5. Bokka en Gerrie Bester (Gladiolistraat) het hul 60ste huweliksherdenking die afgelope week gevier.
6. Patrick en Krinie van der Vyver (Othello) het die afgelope Saterdag in die huwelik getree.
7. Elizma Joubert het die afgelope Saterdag met Graham O'Leary in die huwelik getree. Elizma se ouers is Francois en Malinda Joubert. Haar oupa en oma is André en Mattie Joubert (Othello).



VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 31/10 Chris Hanekom
1/11 George Fullard, Koos Voigt, Lianné van Schalkwyk,
Susie Engelbrecht, Elmaré van der Merwe, Lihan Swanepoel
2/11 Jovan de Bod, Lehani de Koker, Sheila Lambrecht, Reneé Bleeker
3/11 Sandra du Toit, Danie Heyns, Elize Steenkamp
4/11 René West, Mariana Bosman, Helené Britz
5/11 Louis Roos, Alta la Grange, Erna Carstens, Marlize Neethling,
Sorina Greeff, Marlene Kotze
6/11 Renier Hagen, Carli Visser



EREDIENSTE

In terme van die nuwe vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 750. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.

Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 8:55 en sal dus die voorsang en aankondiging insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Tans is daar nog **nie aanddienste nie**, ons sal jul ophoogte hou van enige verandering.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

VANDAG SE DEUROFFER

GEMEENTE-ONTWIKKELING /NUWEGELOOFSGEMEENSKAPONTWIKKELING (NGGO)

Die Raad vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking is 'n gesamentlike werksaamheid van die NG Kerk en die VGK wat fokus op kerkplanting as belangrike wyse van evangelisasie in gebiede waar die plaaslike geloofsgemeenskappe nuut moet dink om mense te bereik. Dit wil die uitdagings wat 'n al groter wordende sekulêre Suid-Afrika aan ons stel op konkrete wyse hanteer deur nuut te dink oor die kerk en nuwe uitdrukkings van kerkwees. Ons dink ook na oor hoe gemeentes die klassieke Evangelie op 'n vars manier kan laat leef, ook in die mees diverse kontekste.

Kontakbesonderhede: Ds Gustaf Meyer 021 808 3381 gam@mweb.co.za


DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is tans baie laag

Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet



'N EREDIENS IN DIE BUITELUG

Almal word hartlik uitgenooi na die erediens in die buitelug te AVALON. Hierdie is 'n onvergeetlike ervaring. Vra gerus vir hulle wat die erediens in die verlede bygewoon het. Bring vir jou 'n piekniekmandjie sodat ons na die erediens as geloofs familie saam kan kuier.

Besprek vooraf by Elmarie of Mariana in die kerkkantoor (021 903-3818). Ongelukkig kan AVALON net 150 persone akkommodeer.

Datum: 7 November 2021

Tyd: 09:00

Plek: AVALON Bottelary

ALMANAK 2022

2022 se almanak is opgestel en word eersdaags gedruk. Ten einde koste te bespaar, druk en bind ons dit self in die kerkkantoor.

Soos in die verlede gee ons weer vir lidmate die geleentheid om 'n maand op die almanak te borg. Verskeie van die bestaande borge gaan voort om weer volgende jaar 'n maand te borg.

Daar is egter 'n paar maande waarvoor ons tans borge benodig. Om 'n maand te borg kos slegs R500.00. Kontak vir Mariana by die kerkkantoor as jy hiermee wil help.

WYNVEILING

Ons is dankbaar en tevrede. Wynveiling 2021 was 'n groot sukses. Die opbrengs sal deurgegee word sodra die finale rekonsiliasie gedoen is.

Daar is tans VAT5 wyne beskikbaar wat te koop aangebied word. Hierdie is 'n unieke geleentheid om van hierdie uitstekende wyn in die hande te kry. Dis is 'n eenmalige geleentheid wat nie deur jou hande kan glip nie.

750 ml VAT5 teen R400 per bottel
Magnum VAT5 ten R1000 per bottel

Kontak die kerkkantoor.

HERVORMINGSFEES

Almal word hartlik uitgenooi na hierdie LUISTERDIENS waartydens ons terugdink aan die Hervorming wat ongeveer 500 jaar gelede in die kerk plaasgevind het. Die tyd toe die Christelike kerk 'n radikale vernuwing beleef het. Op 31 Oktober herdenk miljoene dankbare gelowiges wêreldwyd die Reformasie. Maar hoeveel van ons weet waarvoor om presies dankbaar te wees? Kom woon die erediens by en wees saam met ons dankbaar.

Datum: 31 Oktober 2021

Tyd: 09:00

Plek: De Eike

NUUS VANUIT DIE GETUIENISAKSIE

Ons sê baie dankie vir almal wat so gereeld klere na die gemeente se klerebank bring. Die klere word wyd en syd versprei na behoeftige persone.

Daar is tans 'n behoefte veral **KINDERKLERE EN -SKOENE**.

Bring gerus na die kerkkantoor.

PROJEK: "SAVE THE SHEEP"

Die boervroue van Sutherland het hierdie projek geloots vir die drooggeteisterde Karoo. Jy kan heerlike koekies vir die feesseisoen bestel.

600g Gemengde koekies in 'n emmetjie @ R90 elk

Plaas bestellings en betaal by die kerkkantoor. Sluitingsdatum vir bestellings is Woensdag 10 November 2021.

Die koekies sal teen ongeveer 10 Desember 2021 by die kerkkantoor beskikbaar wees.



AKSIE SAMARITAAN KERSFEES-PROJEK

**Borg 'n
hawelose!**

Die sokkombuis is gesluit vanaf 16 Desember 2021 tot 17 Januarie 2022. Dit is 'n lang tyd om sonder kos te wees vir die haweloses wat daagliks afhanklik is van die sokkombuis om in hulle kosnood te voorsien. Ons probeer elke jaar om tydens ons afsluiting 'n basiese kospakkie aan ons kliënte te voorsien om hulle by te staan gedurende hierdie tyd. Ons begroot op 150 kospakkies maar daarvoor het ons julle hulp nodig. Die koste van 'n kospakkie beloop R650. Daar is dan twee opsies beskikbaar hoe jy 'n hawelose kan borg. Jy kan die kontant verskaf of jy kan self die kospakkie opmaak uit die onderstaande lys wat verskaf word. Groepe kan ook saam een of twee haweloses borg.

Die afsluiting word gehou op 16 Desember 2021. Alle kospakkies of gelde moet asb teen vrydag 10 Desember 2021 verskaf wees.

Indien jy bereid is om 'n hawelose te borg kontak gerus vir Jacomina Swart by 0824533862 vir verdere besonderhede.

LYS VAN ITEMS IN KOSPAKKIE:

2kg Rys 2,5kg Suiker 1 pak macaroni 1 pak soup mix 500g koffie
1kg meliemeel 450g weetbix 1 pakkie(25) teesakkies 500ml olie 1 pakkie cremora
1 boksie cup-a-soup 2 blikkies bullibeef sout 2 blikkies sardientjies 2 blikkies gemengde
groente 2 blikkies baked beans 1 pakkie koekies 1 groot pak chips 1kg koekmeel
5 pakkies 2min noodles 1 bottel aanmaak koeldrank 2 boksies soya mince 1kg waspoeier

Ons wil dit 'n spesiale geleentheid maak en is ook op soek na skenkings van 3 skape, alles in tjops, wat ons graag wil braai tydens die kersafsluiting.

Ons soek ook 30 persone wat elkeen 'n kind kan borg om 'n spesiale kerspakkie op te maak. Koste hiervan beloop R300. Kontak ons asb as jy dalk met enige van die versoeke kan help.

Artikel 18A sertifikate kan verskaf word en erkenning kan ook gegee word op ons facebook bladsy vir enige donasies ontvang.

Donasies kan inbetaal word in die volgende rekening: Aksie Samaritaan, Absa Bank, tjekrekening nommer 4089388257, verwysing - Kersfees

Mag die Here jou bereidwilligheid en diensbaarheid seën!

